


Mikro Graad R: Vaslegging

Dag I: 18 Mei


Leerarea	Opdrag	Benodighede
	Green Breinoefeninge die week.	
Wiskunde	<ol style="list-style-type: none">1. Tel hoe lank jy op jou een been kan staan. Eers die regterbeen en dan die linkerbeen. Op watter been kan jy die langste staan?2. Vra vir mamma om weer vir jou getal vier se storie te lees. Luister mooi en hou vier vingers in die lug elke keer wat mamma vier sê.3. Kom ons wandel nou deur Dierelaan. Kan jy vir mamma sê:<ul style="list-style-type: none">• Wie bly in huisie nommer 1?• Wie bly in huisie nommer 2?• Wie bly in huisie nommer 3?• Wie bly in huisie nommer 4?• As jy nou by die diere in huisie nommer 2 gaan kuier, hoeveel sal jul altesaam in huisie nommer 2 wees?• As een van die diere in huisie nommer 4 uit kom en saam met jou wandel, hoeveel diere bly in huisie nommer 4 oor?4. Teken nou vier kolle op 'n papier.	<ol style="list-style-type: none">1. Jouself2. PowerPoint Dag I3. PowerPoint Dag I4. Papier en swart potlood5. Papier en swart potlood6. Papier en swart potlood, klei

	<p>5. Skryf die getal 4 langs die kolle.</p> <p>6. Mamma skryf vir jou die getalnaam vier op jou papier en jy bou die getalnaam met klei onderaan die bladsy.</p>	
Huistaal	<ul style="list-style-type: none"> - Wat is fout met die prent? - Vergelyk die twee prente met mekaar en verduidelik elke verskil. - Soek 10 verskille. - Kyk na die prent en maak jou eie storie op. - Geheue speletjie 	Maak die Dag 1 dokument oop.
Beweging (LV)	<ol style="list-style-type: none"> 1. Huppel in 'n groot sirkel. Herhaal 2 keer. 2. Lê op jou rug met jou bene in die lug. Maak asof jy 'n fiets trap. Mamma/pappa/boetie/sussie kan hul voete teen joune sit, dan trap julle saam.  <ol style="list-style-type: none"> 3. Loop hak-toon op 'n lyn. Breë kleefband of selfs 'n verlengingskoord kan gebruik word. 4. Loop nou weer hak-toon op die lyn, maar sit 'n boontjiesakkie of 'n paar opgevoude sokkies op jou kop. Kyk op en loop mooi versigtig sodat dit nie afval nie. 5. Gooi en vang die boontjiesakkie/opgevoude sokkies 20 keer met mamma/pappa/boetie/sussie. Onthou ons gooi en vang altyd met 2 hande en gooi van onder af. 6. Gooi en vang nou self die boontjiesakkie/opgevoude sokkies deur dit in die lug te gooi. Kyk of jy dit 10 keer na mekaar kan vang. 7. Doen 10 ster spronge. 	<ul style="list-style-type: none"> – breë kleefband / verlengingskoord – boontjiesakkie / 'n paar opgevoude sokkies


Kreatief (LV)	Beplan 'n sokkiepop: 1. Op 'n A4 bladsy teken die leerder hoe hy wil hê sy sokkiepop moet lyk. Kleur die prentjie in. 2. Wys vir die kind wat beskikbaar is waarmee hy sy poppie mee gaan versier sodat hy dit in ag kan neem vir die tekening.	<ul style="list-style-type: none"> • A4 bladsy • potlood • kryte • kleur papier waarop mond en oë apart geteken kan word, uitgeknipt en geplak kan word. • Goed wat gebruik kan word om poppie te maak bv. krale, wol, velt, knopies
----------------------	---	---

Dag 2: 19 Mei

Leerarea	Opdrag	Benodighede
Wiskunde	<ol style="list-style-type: none"> 1. Gaan haal 'n hand vol munte uit mamma of pappa se beursie en tel hoeveel daar is. Hou hulle by jou vir later. 2. Kyk na die prentjies van die note op die skerm. Probeer nou om die regte diere by die regte note te pas. 3. Wys met jou vinger vir mamma al die silwer munte. 4. Tel hoeveel brons munte is op die skerm. 5. Ons gaan nou winkel toe. Kyk nou na die produkte in juffrou se winkel. Gebruik mamma of pappa se geld (nommer 1) en kyk van watter produkte jy kan koop. Gaan jy my winkel kan leeg koop? 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Munte uit mamma of pappa se beursie 2. PowerPoint Dag 2 3. PowerPoint Dag 2 4. PowerPoint Dag 2 5. PowerPoint Dag 2 en munte
Huistaal	<ul style="list-style-type: none"> - Wat is fout met die prent? - Vergelyk die twee prente met mekaar en verduidelik elke verskil. - Soek 10 verskille. - Kyk na die prent en maak jou eie storie op. 	Maak die Dag 2 dokument oop.

	- Geheue speletjie	
Musiek (LV)	Sing en dans saam met van ons gunsteling liedjies in die klas.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Move and freeze https://www.youtube.com/watch?v=388Q44ReOWE 2. Tooty ta https://www.youtube.com/watch?v=p4gNCROHVuk 3. Shake your sillies out https://www.youtube.com/watch?v=NwT5oX_mqS0
Kreatief (LV)	<ol style="list-style-type: none"> 1. Leerder gebruik sy prentjie en maak sy regte sokkiepoppie. 2. Hou vir die mense in jou huis 'n poppekas met jou nuwe poppie en ander poppe. 	<ul style="list-style-type: none"> • sokkie • Enige iets wat beskikbaar is om te gebruik: krale, wol, velt, knopies • Witgom (craft glue)
Dag 3: 20 Mei		
Leerarea	Opdrag	Benodighede
Wiskunde	<ol style="list-style-type: none"> 1. Tel hoeveel treë is dit van waar jy nou is tot by jou kamer se deur. (Mamma gebruik eie inisiatief as jul nie naby jou kamer is nie.) 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Jouself 2. Jouself 3. PowerPoint Dag 3

	<p>2. Maandag het jy deur Dierelaan gewandel. Kan jy nou vir mamma sê wie bly in die volgende huisie? Dit is huisie nommer 5.</p> <p>3. Kyk na die prentjie van huisie nommer 5 en vertel vir mamma alles wat jy sien in die prentjie. Onthou om te sê hoeveel van elke ding jy sien.</p> <p>4. Mamma vra die volgende vrae en maak gebruik van twee hopies van verskillende tellers om die twee groepe wat vergelyk word uit te beeld. (bv. 5 klippies en 5 blokkies):</p> <ul style="list-style-type: none"> • As daar twee hangmatte is en vyf apies, is daar meer of minder apies? • Hoeveel hangmatte moet ek bysit om vir elke apie 'n hangmatte hê? • As daar vyf pale is en vier apies, is daar meer of minder apies? • Hoeveel meer of minder apies is daar as pale? • Hoeveel diere dink jy sal in die volgende huisie, langs nommer 5, bly? Hoe weet jy dit? Of Hoe het jy by jou antwoord uit gekom? <p>5. Gaan haal nou van jou speelgoed en pak die nommer vyf op die vloer uit.</p>	<p>4. 5 klippies en 5 blokkies (enige iets anders kan as tellers gebruik word.)</p> <p>5. Enige speelgoed</p>
<p>Huistaal</p>	<ul style="list-style-type: none"> - Wat is fout met die prent? - Vergelyk die twee prente met mekaar en verduidelik elke verskil. - Soek 10 verskille. - Kyk na die prent en maak jou eie storie op. - Geheue speletjie 	<p>Maak die Dag 3 dokument oop.</p>

<p>Beweging (LV)</p>	<p>1. Loop soos 'n krap, vorentoe en weer agtertoe.</p>  <p>2. Gaan kry van jou skoene en pak dit 'n entjie uit mekaar uit. Gom jou voete aan mekaar vas en spring met albei voete bo-oor jou skoene.</p> <p>3. Spring op jou linkerbeen oor die skoene.</p> <p>4. Staan vir 10 tellings op jou linkerbeen.</p> <p>5. Doen dit weer, maar sit 'n boontjiesakkie/'n paar opgevoude sokkies op jou kop. Staan mooi stil, sodat dit nie af val nie.</p> <p>6. Spring nou op jou regterbeen oor die skoene.</p> <p>7. Staan vir 10 tellings op jou regterbeen.</p> <p>8. Doen dit weer, maar sit 'n boontjiesakkie/'n paar opgevoude sokkies op jou kop. Konsentreer mooi, sodat dit nie af val nie.</p> <p>9. Gebruik die boontjiesakkie / opgevoude sokkies en kyk hoeveel keer jy dit in 'n emmer of wasgoedmandjie kan gooi. Mik mooi!</p>	<ul style="list-style-type: none"> – skoene – boontjiesakkie / 'n paar opgevoude sokkies – emmer / wasgoedmandjie
<p>Kreatief (LV)</p>	<ol style="list-style-type: none"> 1. Maak jou eie reënboogborrelblaser: 2. Knip die bodem van die bottel af. 3. Trek die sokkie oor die bottel, sit rubberrekkie of kleeflint oor. 4. Bottel kan versier word. 5. Meng skottelgoedseep en water in 'n vlak bakkie. 6. Druk voedselkleursel op die sokkie. 7. Druk dan die sokkie in die water en blaas deur die bottel. 	<ul style="list-style-type: none"> • leë plastiekbotteltjie • skottelgoedseep • voedselkleursel • ou sokkie • plat bakkie • water




Dag 4: 21 Mei

Leerarea	Opdrag	Benodighede
Wiskunde	<ol style="list-style-type: none"> 1. Spring soos 'n padda terwyl jy die dae van die week opsê. Hoeveel keer sal jy spring? 2. Kyk na die PowerPoint en benoem al die vorms. 3. Watter twee vorms wat 'n lyfie het kan jy herken tussen die ander vorms? Kan jy hulle name onthou? 4. Dink aan iets wat soos 'n sfeer lyk. Wat kan jy met daardie voorwerp doen? 5. Kan jy aan iets dink wat soos 'n kubus lyk? Wat kan jy met daardie voorwerp doen? 6. Ons kan vorms wat 'n lyfie het vashou en van alle kante af bekyk. Dit kan rol of gly. 7. Mamma vra: <ul style="list-style-type: none"> • Hoeveel hoeke het 'n sfeer en 'n kubus? • Hoeveel kante het 'n sfeer en 'n kubus? • Watter voorwerp is rond? 8. Gebruik een van mamma se skinkborde en kies een voorwerp wat soos 'n sfeer lyk en een wat soos 'n kubus lyk. Wys nou vir mamma watter een rol en watter een gly. 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Jouself 2. PowerPoint Dag 4 3. PowerPoint Dag 4 4. PowerPoint Dag 4 5. PowerPoint Dag 4 6. PowerPoint Dag 4 7. PowerPoint Dag 4 8. Skinkbord, sfeer en kubus



Huistaal	<ul style="list-style-type: none"> - Wat is fout met die prent? - Vergelyk die twee prente met mekaar en verduidelik elke verskil. - Soek 10 verskille. - Kyk na die prent en maak jou eie storie op. - Geheue speletjie 	Maak die Dag 4 dokument oop.
Musiek (LV)	Sing en dans saam met van ons gunsteling liedjies in die klas.	<ol style="list-style-type: none"> 1. Freeze dance https://www.youtube.com/watch?v=2UcZWxvgMZE 2. If you're happy and you know it https://www.youtube.com/watch?v=WiDRpk9li9I 3. Minions – Zumba kids https://www.youtube.com/watch?v=FP0wgVhUC9w
Kreatief (LV)	<p>(Opsioneel)</p> <p>Jou eie aantrekpoppe:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Teken jouself met swart koki en kleur in. 2. Knip jouself uit 3. Teken klere vir jouself- klere kan wees vir wat jy eendag wil word bv. Brandweerman, polisievrout. (Mamma moet asb. help met die verhouding van die klere teenoor die mannetjie. Jy kan die liggaamstekening onder 'n A4 bladsy sit teen die venster om die grootte te bepaal. 4. Mamma teken net op dele 'n ekstra wit stukkie sodat dit om jou poppie gevou kan word. (sien foto) 	<ul style="list-style-type: none"> • A4 papier x2 • potlood • koki • kryte • skêr

5. Knip klere uit.
6. Vou dit om jou mannetjie.




Dag 5: 22 Mei

Leerarea	Opdrag	Benodighede
	<p>Mamma stel 'n alarm op jou foon vir 1 uur. 1 uur gee almal in die huis vir hulleself 'n drukkie en beklemtoon dat al die Graad Re dieselfde tyd nou 'n drukkie kry.</p>	
Wiskunde	<ol style="list-style-type: none"> 1. Tel hoe lank jy op jou tone kan staan. 2. Wys vir mamma van watter punt tot by watter punt sal sy jou moet meet as sy wil weet hoe lank jy is. Onthou ons meet die twee punte wat die verste van mekaar af is. 3. Kyk na die prentjies en wys vir mamma watter een is lank en watter een is kort. 4. Watter mannetjie is die langste? 5. Watter mannetjie is die kortste? 6. Lê nou op jou rug op die grond en vra vir mamma om 'n klippie bo jou kop te sit en een onder by jou voete. Staan nou op en meet die afstand tussen die twee klippies met jou voete. Kan jy nog onthou hoe om dit te doen? Hoeveel voete is jy lank? 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Jouself 2. Jouself 3. PowerPoint Dag 5 4. PowerPoint Dag 5 5. PowerPoint Dag 5 6. Jouself en twee klippies

<p>Huistaal</p>	<p><u>Ouditiewe en Visuele speletjie</u> Bestudeer die 6 of meer prente en klik op die 3 prente wat met die spesifieke klank begin. (m, n, w, v, r, l, t, h) Die leerder moet luister na die klankopname om vas te stel watter klankie die woordjies mee moet begin. Hy moet dan self die prentjies noem en vasstel of dit met die regte klank begin. <u>Antwoorde:</u> m – muis, mat, maan w – walvis, wol, water n – net, naels, nar r – rot, roos, ratel v – vingers, vyf, volstruis l – lekkers, leer, lepel h – haas, hanger, huis t – twee, tamatie, tafel</p>	<p>Maak die Dag 5 dokument oop.</p>
<p>Beweging (LV)</p>	<p>1. Galop soos 'n perd. Onthou die een been bly altyd voor.</p>  <p>2. Mamma/pappa, plak asb. weer 'n lyn met breë kleefband of haal die verlengingskoord uit. Leerder gom nou sy voete aan mekaar vas en spring weerskante van die lyn.</p> 	

3. Draai jou lyfie dat jy nou vorentoe en agtertoe kan spring. Hou jou voete gegom.



4. Spring alternatiewe voete. Hier is die leerders se voete nie gegom nie. Die linkervoet is links van die lyn en die regter voet is regs van die lyn. Dit is belangrik dat hul na elke sprong sal stop en dan weer spring.



5. Papierbord tennis. Neem 'n linaal en maak dit vas aan die agterkant van 'n papierbord. Gebruik kleefband of wondergom. Rol 'n klein balletjie uit foelie of 'n stuk koerantpapier. Probeer om die balletjie in 'n houer te slaan. Vir groter pret kan jy nog een maak, sodat iemand saam met jou kan speel, soos regte tennis.



	<p>6. Kruywa loop: Mamma/pappa tel jou voete op. Jy loop dan op jou hande deur die hele huis. Wees versigtig dat jy nie jou kop kap nie! 😊</p> 	
<p>Kreatief (LV)</p>	<p>Jou eie bederfie:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Meng die versiersuiker met bietjie water en voedselkleursel. 2. Smeer die versiersuiker op die marie beskuitjies met 'n lepel. (hoeveelheid koekies hang van kind af of bv. een vir elke gesinslid). 3. Versier beskuitjies met lekkertjies. 	<ul style="list-style-type: none"> • marie beskuitjies • versiersuiker • voedselkleursel • water • lekkertjies om te versier
<p>Luister en Leer (Tuisprogram – Groenboek)</p>		
<p>Voltooi en haal in tot Week 15 bl. 32 – 33</p>		